# SKRIF EN KERKORDE—ENKELE OPMERKINGS

A. D. PONT

Referaat voorgehou aan die **Kerkhistoriese Werkgemeenskap van S.A.**, Pretoria
27 Januarie 1977

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Wanneer hierdie saak van Skrif en kerklike orde of organisasie ter sprake kom, dan word dit betreklik gou duidelik dat dit 'n taamlik netelige vraagstuk is. Die vraag of 'n kerklike organisasie-vorm uit die Skrif afgelees kán word, word dan ook al vir baie jare skerp negatief beantwoord. Andersyds is dit tog weer so dat ons reformatoriese vadere, teenoor die papale kerk, baie duidelik met 'n beroep op die Skrif die presbiteriale, sinodale kerklike organisasie opgebou het. Hier is dus 'n botsing van opvattings en dít in die geledere van teoloë en ook kerkregtelike deskundiges wat hulle argumente primêr uit die Skrif alléén wil haal. Miskien is dit tog goed om, al is dit baie kortliks, net 'n paar voorbeelde te gee van die verskillende opvattings wat hier heers.

## DIE NEGATIEWE STANDPUNT

Baie bekend is miskien die uitspraak van die Duitse kononikus, Rudolph Sohm, wat in 1892 reeds gesê het:[1])

> „Das Christentum ist in die Welt hereingekommen, überirdisch, überweltlich . . . Gerade diese Welt des Geistlichen gilt es zu erschauen, wenn die Erzeugung von Kirchenrecht und seine ganze fernere Geschichte verstanden werden soll.
>
> Aber diese Welt des Geistlichen kann nicht mit Juristischen Begriffen erfasst werden. Noch mehr, ihr Wesen steht zu dem Wesen des Rechtes im Gegensatz. Das geistliche Wesen der Kirche schliesst Jegliche kirchliche Rechtsordnung aus. In Widerspruch mit dem Wesen der Kirche ist es zur Ausbildung von Kirchenrecht gekommen. Diese Thatsache beherrscht die Geschichte des Kirchenrechts von den ersten Zeit bis heute."

Hierdie duidelike èn negatiewe standpunt oor die verhouding van Skrif en kerklike orde, het ná Sohm nogal taamlik navolging gevind. In die Duitssprekende wêreld was dit veral Emil Brunner wat aan hierdie argument verder vaart gegee het. Hy maak byvoorbeeld die stelling:[2])

---

1) Rud Sohm, **Kirchenrecht**, Bd. 1, Leipzig 1892, **Vorrede** S,.x.
2) E. Brunner, **Das Missverständnis der Kirche**, Zürich 1951, S.21.

„Die Ekklesia des Neuen Testaments, die Gemeinde Jesu Christi, ist reine Personsgemeinschaft und hat nichts vom Charakter einer Institution an sich; es ist darum irreführend, irgend eine der historisch gewordenen Kirchen, die alle den Charakter von Institutionen haben, mit der Christusgemeinde zu identifizieren."

Die georganiseerde, sigbare kerklike instituut, so stel Brunner dit, is nie en kan nooit die ekklesia van die Nuwe Testament (N.T.) wees en is maar 'n middel, op sy beste, om op 'n gebrekkige wyse 'n sigbare gestalte aan die ekklesia te gee.[3]) Skerp is dan ook sy afwysing van die papale kerklike organisasie wat hy sien as die konsekwente oorwoekering van die geestelike gemeenskap wat die ekklesia is, deur die juridies-institusionele wat die Kerk is.[4] Hierdie argument is in die Nederlandse kerklike wêreld in die veertiger en vyftigerjare, toe die Nederlandse Hervormde Kerk besig was met die opstel van 'n nuwe kerkorde weer met klem na vore gebring o.a. deur manne soos A. M. Brouwer, die destydse Utrechtse Nuwe-testamentikus, A. A. van Ruler en nog andere.[5]) Dit het op sy beurt weer aanleiding daartoe gegee dat 'n hele reeks publikasies in hierdie verband die lig gesien het. Die omvattendste is dan seker die proefskrif van A. J. Bronkhorst, **Schrift en Kerkorde** wat in 1947 verskyn het.

In hierdie negatiewe beoordeling van die verhouding Skrif en kerklike orde, wat hierbo genoem is, lê daar tog 'n paar argumente verskuil wat nie dadelik na die oppervlakte kom nie. Sowel Sohm as Brunner redeneer vanuit die kerklike posisie soos dit in Duitsland bestaan het terwyl Brouwer en sy landgenote uit 'n min of meer gelykwaardige standpunt redeneer. In al dié gevalle het ons te make met kerke en kerklike organisasies wat nogal nou verknoop was en is aan die staat èn die regsorde wat deur die betrokke owerhede gehandhaaf is. Daar was die owerheid-staat die juridies-organisatoriese faktor terwyl die kerk dan gesien kan word as die suiwer geestelike. Omdat nòg in Duitsland nòg in Nederland die staat se regsorde op 'n positiewe, Christelike basis gebou is, was daar en kon daar ook 'n kloof ontstaan tussen die juridies-organisatoriese vorm, waarin die kerk deur die owerheid-staat, gevoeg is èn die kerk se eie verstaan van homself op grond van die Skrif en soos uitgedruk in die belydenis.

---

3) E. Brunner, **a.a. O.**, S.17.

4) E. Brunner, **a.a. O.**, S.19: Die ganze Geschichte der römischen Kirche ist die Geschichte von der forschreitenden und bis zur letzten Konseqeunz folgerichtigen und vollkommenen Institutionalisierung, genauer der Verrechtlichung der Kirche ... Im Vaticanum und im Codex iuris canonici wird alles, was die Kirche ist, hat und gibt, dem Kirchenrecht untergeordnet; auch das Aufstellen von Dogmen ist ein Teil der päpstlichen potestas iurisdictionis. Darin aber hat die Bewegung, die schon am Ende des ersten Jahrhunderts begann, ihr letztes Ziel erreicht: Die Ersetzung der Persongemeinschaft durch die rechtliche Institution.

5) A. J Bronkhorst, **Schrift en Kerkorde**, Den Haag 1947, bl 1.1-14.

**DIE POSITIEWE STANDPUNT**

Dit is dan ook nie so vreemd dat, veral in die Calvinisties-gereformeerde teologie, van meet af 'n positiewe moontlikheid gesien is om 'n kerklike orde uit die Heilige Skrif af te lees nie. Immers feitlik oral waar Calvinistiese, hervormde kerke in die 16e eeu na vore gekom het, het dié kerk los van die owerheid-staat gestaan. Dit het beteken dat die kerklike reg as eiesoortige reg, afgelees en afgelei uit die Skrif, na vore kon kom en dat 'n kerklike organisasie gebou kon word wat, minstens wat sy groot grondlyne betref, op die aanwysigings van die Skrif gebou is. Hier is Calvyn se stelling seker van primêre waarde waar hy stel[6])

> „. . .dat ek slegs dié menslike ordeninge goedkeur wat op die gesag van God gebou is en afgelei is uit die Skrifte sodat hulle geheel en al as goddelik beskou kan word."

Hoewel Calvyn nié bedoel dat elke kerklike reël of ordening dus direk met 'n Skriftuurbewysplaas móet korreleer nie, beskou hy die kerklike orde as goddelik „so ver as wat dit 'n deel is van die betaamlikheid (decorum), wat ons volgens die opdrag van die apostel moet bewaar en in ag neem".[7]) Daardie uiterlike ordenende reëls moet daar wees ter wille van die ordelike struktuur wat die gemeente van God op aarde moet handhaaf.[8])

Dit bring, in die reformatoriese tyd mee, dat die kerklike orde as 'n onderdeel of selfs aanhangsel van die belydenisskrif gesien moet word. Byvoorbeeld by die Geneefse Kategismus en die Confession Gallicana word die Kerkorde as 'n aanhangsel van die belydenisskrif toegevoeg. By die Confessio Helvetica posterior word die Kerkorde in die belydenisskrif opgeneem. By die Confessio Scotica word die Kerkorde net genoem net soos in die Confessio Belgica (art. 30). Die Heidelbergse Kategismus, op sy beurt, kan alléén vanuit die Paltze Kerkorde, wat die ontstaan daarvan nodig gemaak het, verstaan word. Van hieruit is dit verstaanbaar dat in die Calvinistiese hervorming die Kerkorde altyd verstaan is as 'n saak wat met die Skrif in ooreenstemming moet wees. So sterk was hierdie opvatting dat selfs Richard Hooker 1554-1600, een van die grondlêers van die Engelse kerkreg stel:[9])

> „Wherefore taking unto him (Calvyn) two of the other ministers . . . they moved and in the end persuaded with much ado, the people (van Genève) to bind themselves by a solemn oath . . . to live in obedience unto such orders concerning the exercise of their religion, and the form of their ecclesiastical government, as those their true and faithful ministers of God's word had, **agreably to scripture, set down for that end and purpose.**"

---

6) Ioh. Calvinus, **Institutio christianae religionis, iv.x.30** (my vertaling).
7) Ioh. Calvinus, l.c., iv.x.30.
8) Ioh. Calvinus, l.c., iv.x.30.
9) R. Hooker, **Of the Laws of Ecclesiastical Polity** (heruitgawe) London 1963, p. 80.

Nieteenstaande Hooker se groot waardering vir Calvyn en sy kerkordenende werk, stel Hooker óók dat die totale kerkorde nié in die Heilige Skrif voorkom nie,[10]) en hy maak dan ook 'n duidelike onderskeid tussen „matters of doctrine" wat volledig Skriftuurlik verantwoord móet wees èn „matters of discipline".[11]) Met hierdie argument, waarmee hy die Anglikaanse kerkregtelike standpunt téén die Calvinistiese Puriteine verdedig, raak hy 'n saak aan wat meegebring het dat die Kerkorde tóg 'n ander waardering ontvang het as die belydenisskrif. Selfs H. Bouwman wat die stelling neerlê „de organisatie der Kerk (is) van Goddelijken oorsprong"[12]) stel ook:[13])

> „Daarmee wordt niet uitgesproken, dat Gods Woord een wetboek is, waaruit de Kerk alles, wat voor de regering der Kerk noodig is, kan aflezen maar dat de hoofdbeginselen der Kerkregering duidelijk in het N. Testament word geleerd. Deze algemeene regelen, welke voor alle tijden gelden, zijn door Christus in zijn Woord gegeven en hij liet aan zijne Kerk de vrijheid, om de beginselen toe te passen naar de behoefte den tijden en de omstandigheden."

Dit is dus duidelik dat selfs die positiewe standpunt, naamlik dat 'n kerklike orde uit die Heilige Skrif afgelees en afgelei kan word, 'n gekwalifiseerde standpunt is. 'n Mens kan hier gerus na die opvatting van Koopmans luister:[14])

> „Blijkbaar behoort naar de opvatting van de Confessie der kerkorde een minimum te zijn. Er staat geen woord over ,meerdere vergaderingen' of over ,lastbrieven' en andere zaken, die in het latere gereformeerde Kerkrecht een belangrijke plaats innamen. Er wordt slechts gezegd, dat er wel zooiets als een algemeene Kerkorde moet zijn — maar er wordt terstond gewaarschuwd, dat wij daarin gemakkelijk afwijken van hetgeen Christus geordineerd heeft. Eenige eenvoudige regels voor het kerkelijk samenleven volstaan; tot een reglement moet men de Kerkorde eingenlijk niet laten uitgroeien. Het moet niet te politiek toegaan in de Kerk. De Kerk is geen staat en zij is geen gemenebest."

---

10) R. Hooker, l.c., p. 283 ff. Hy wy die hele Boek 3 van sy uiteensetting aan die besperking van hierdie vraag.

11) R. Hooker, l.c., p. 300. So stel hy byvoorbeeld op p. 333: The rule of faith, saith Tertullian, is but one, and that alone immoveable and impossible to be framed or cast anew. The law of outward order and polity not so. There is no reason in the world wherefore we should esteem it as necessary always to do, as always to believe, the same things, seeing every man knoweth that the matter of faith is constant, the matter contrariwise of action daily changeable, especially the matter of action belonging unto church polity.

12) H. Bouwman, **Gereformeerd Kerkrecht, Kampen** 1970, bl. 53-74.

13) H. Bouwman, **a.w.**, bl. 324.

14) J. Koopmans, **De Nederlandse Geloofsbelijdenis**, Amsterdam 1939, bl. 208.

Dit word dus wèl duidelik dat dit gladnie so 'n enkelvoudige saak is om die kwaliteit van die Kerkorde te bepaal nie en ook die verhouding èn die verband van die Heilige Skrif met die Kerkorde is nie sondermeer duidelik of voor die hand liggend nie.

## DIE KERKBEGRIP OF LEER IN VERBAND MET DIE KERK

As ons nou enkele opmerkings maak oor die kwaliteit van die Kerkorde, dan is dit ook reeds, uit die vóórgaande duidelik dat die verband tussen die Heilige Skrif en die Kerkorde 'n betreklike verband is. Dit is dan in dié sin dat die Skrif self geen pasklaar kerklike orde in die Nuwe Testament gee nie. Oor dié punt bestaan daar geen diskussie nie.

Calvyn stel in hierdie verband, in sy Kommentaar op I Kor. 11:12, dat die Kerkorde self ontstaan vanweë die communi consensu van die lidmate omdat daar geen uitvoerige ordinationes Dei hiervoor bestaan nie. Want sê hy:

> „ons weet dat elke kerk die vryheid het om vir homself 'n orde van regering (politiae formam) op te stel wat vir daardie kerk paslik en bruikbaar is omdat die Heer nie iets bepaalds voorgeskryf het nie."

As daar dus géén pasklaar Kerkorde in die Nuwe Testament gegee word nie, dan beteken dit egter nie dat die moontlikheid van 'n Skriftuurlike orde nou verval nie. Die Nuwe Testament, hoewel die organisasie van die kerk, die gemeenskap van die gelowiges, daar nòg voltooi is, nòg volledig is, gee wèl baie duidelike uitsprake oor die nuwe, gemeenskap van die gelowiges, die liggaam van Christus op aarde. Dáárdie uitsprake, sistematies saamgevat, vind ons in die kerklike belydenis, die bondige samevatting van die essensiële wat die Heilige Skrif ons leer.

Dit beteken dat die Kerkorde as't ware sekondêr gesien moet word ten opsigte van die belydenis. Dit wil sê die Kerkorde is afhanklik van die kerklike leer, die kerklike belydenis oor die kerk soos dit uit die Skrif gesistematiseer word. Die verskil, kerkordelik gesproke, wat daar bestaan tussen die hooflyne van die Lutherse en die Calvinistiese kerkordelike reëlings, die verskil wat daar bestaan tussen die Rooms-papale en die Protestantse kerklike orde, is in die diepste grond geleë in die verskil in opvatting oor die inhoud, betekenis en opdrag van die Godsopenbaring soos in die Skrif gegee. Die waarheidsvraag ten opsigte van die Skrif en die openbaring, sal die ekklesiologie, die locus de ecclesia in die dogmatiek bepaal en eers van daar uit word die moontlikheid van 'n kerklike orde gegee. Die belydenis moet, struktureel gesproke, vóóraf gaan aan die kerklike orde.

Dit beteken dus dat 'n verskil in ekklesiologie' ,n verskil in opvatting oor wat en hoe die kerk, volgens die Skrif is, vanselfsprekend 'n verskil in die kerklike orde na vore sal bring. Hier lê

die diepste grond vir die groot verskil tussen die Rooms-papale en die Calvinistiese presbiteriaalsinodale kerklike ordening. Dit is óók die rede waarom Rud. Sohm en Emil Brunner 'n ander voorstelling van die kerklike orde het as byvoorbeeld Joh. Calvyn en H. Bouwman.

Hoewel dit miskien meebring dat daar nié so iets sal bestaan soos 'n „algemeen-geldende kerklike orde" nie, net so min as wat daar 'n werklike algemeen-geldende belydenisskrif bestaan, lyk dit tog vanuit die Calvinistiese teologie onmoontlik om te poneer dat daar 'n kerklike orde sal kan bestaan wat vir sy afhanklikheid èn interpretasie van die Skrif nié deur die geldende belydenisskrif genormeer word nie. Hiermee word nou wel die vraag na vore gebring van die funksie èn plek van die belydenisskrif in die kerklike orde, maar vir die doeleindes van hierdie uiteensetting, word hierdie vraag verbygegaan.[15]) Uitgaande nou van die standpunt dat die belydenisskrif die verstaan van die begrip **kerk** èn sy orde in die breë lyne, bepaal, is dit verder noodsaaklik om kortliks aandag te gee aan die ekklesiologie van die belydenisskrifte. Vir die doeleindes van hierdie uiteensetting, word in hoofsaak verwys na die Calvinistiese belydenisskrifte van die 16e eeu. Uit die aard van die saak sal dit nié moontlik wees om hier, volledig op hierdie saak in te gaan nie. Tog is dit wel moontlik, om by wyse van illustrasie, een faset 'n oomblik van naderby te besien.

Die belydenisskrifte gee in hoofsaak, twee kenmerke van die kerk of wel notae ecclesiae naamlik die regte Woordverkondiging en die bediening van die sakramente volgens hulle instelling.[16]) Die Nederlandse Geloofsbelydenis noem nog 'n derde kenmerk, naamlik die gebruik van die kerklike tug[17]) wat grotendeels vanselfsprekend is omdat Woordverkondiging en sakramentsbediening uiteraard alleen binne 'n bepaalde kerklike ordening plaasvind.[18])

As gelet word op die ekklesiologie van die Calvinistiese belydenisskrifte wat dus die kerklike orde bepaal, dan kan vir die doeleindes van hierdie gesprek die volgende na vore gebring word:

---

15) Oor hierdie saak is daar heelwat gediskusseer en daar bestaan heelwat publikasies oor hierdie aangeleentheid, nie alleen oor die vraag hoe dit is nie maar ook hoe dit moet wees. Afgesien van A. A. van Ruler, Hoe **functioneert de belijdenis?** bestaan daar ook nog G. P. van Itterzon, **Belijnd Belijden,** Kampen 1971 waar in enkele opstelle sorgvuldig oor dié saak gehandel word, dan C. Augustijn, **Kerk en Belijdenis** Kampen 1969. en ten slotte ook nog D. Nauta, **De Verbindende Kracht van de Belijdenisschriften,** Kampen 1969.

16) Hier kan o.a. verwys word na die Tweede Switserse Geloofsbelydenis, art. 17. 17 wat stel: In dogmatibus itaque et in vera concordique praedicatione Evangelii Christi, et in ritibus a Domino diserte traditis. dicinus veram Ecclesiae constare concordiam; asook die Confessio Gallicana, art. 28.

17) N.G.B., art. 29.

18) Daar bestaan natuurlik die moontlikheid, soos by Luther, om méér kenmerke van die ware kerk te poneer, vgl. F. Brunstäd, **Theologie der Lutherischen Bekenntnisschriften,** Guterslöh 1951, S. 114 f. Die calvinistiese notae ecclesiae moet dus nié as absoluut en eksklusief waardeer word nie.

Die primêre stelling èn uitgangspunt is dat Jesus Christus die enige en enigste Hoof en Heer van sy kerk, sy liggaam op aarde is.[19]) Die stelling is dan ook al gemaak[20])

> „'n Kerk wat in sy kerkregering nie konsekwent die grondbeginsel handhaaf dat Jesus, Seun van God, die enigste, lewende en reële Hoof is van sy kerk nie, vergryp hom aan die kenmerke van die ware kerk."

Met hierdie argument word 'n toevoeging gemaak tot die notae ecclesiae van die belydenisskrifte. Tog is dié argument wèl sinvol as die Skriftuurlikbepaalde omskrywing van die kerk as liggaam van Christus, soos dit in die belydenisskrifte aangetref word, onverkort gehandhaaf word.

Daarby is dit wel duidelik, veral ook met inagneming van art. 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis èn die ander Calvinistiese geloofsbelydenisse dat dit één van die belangrikste voorveronderstellings van die kerklike ordening is. Dit kan selfs so gestel word dat die kerkordes die antwoord is op die vraag: Hoe moet die feit dat Jesus Christus die enigste Hoof en Heer van sy kerk is, prakties hier op aarde verwerklik word? Selfs die Rooms-papale orde is 'n antwoord op hierdie vraag hoewel die antwoord wat daar gevind word naamlik dat die pous die onfeilbare vicarius Christi is, hartgrondig as volkome in stryd met die Skrif deur die Bybels-reformatoriese teologie verwerp word.

Dit gaan dus in die kerklike orde om die vraag hoe die hoof- of koningskap van Jesus Christus in en van sy kerk 'n gestalte moet kry. Die éérste antwoord wat op dié vraag gegee word, is deur die prediking van die evangelie.

Van hier uit volg dan die primêre belangrikheid van die verkondigde Woord want die kerk is op Christus gegrondves deur die prediking van die Woord, om vir 'n oomblik op Calvyn se spraakgebruik terug te val.[21]) Dit is deur middel van die prediking dat die kerk die waarheid proklameer en handhaaf en dit is deur die prediking dat God self die gelowiges roep en die getalle in die kerk vermenigvuldig want, so stel Calvyn dit, as die lewende verkondiging van die Woord sou moes ophou, dan sal die godsdiens gou in verval raak.[22]) Die prediking, die uitleg en verkondiging van die Woord staan nooit los van die Woord nie want dit is die Woord wat eis dat daar in die kerk prediking moet wees. Omdat dit so is, daarom het God ook profete en leraars in die kerk gestel om die draers, die verkondigers van die Woord te wees.[23]) Hier lê die wortel van die

---

[19]) In hierdie verband is dit sinvol om kennis te neem van J. J. van der Walt, **Christus as Hoof van die Kerk en die presbiteriale kerkregering**, Potchefstroom 1976.

[20]) J. J. van der Walt, a.w., bl. 169.

[21]) Ioh. Calvinus, **Comm.Eph.** 2.20 en ook Comm. **I Tim.** 5:17.

[22]) Ioh. Calvinus, **Comm.** Deut. 31:9.

[23]) Ioh. Calvinus, **Comm. Joel**, 1:1-4.

amp in die kerk want die opdrag van die amp is om die Woord te verkondig en as sodanig is die amp 'n instrument (organum) van God, 'n middel waardeur Hy werk,[24]) waardeur Hy die kerk in aansyn roep.

Van hier uit is dit dan ook weer verstaanbaar waarom die Reformatoriese kerklike ordes, byna sonder uitsondering, begin om die Skriftuurlike reëls vir die amp neer te lê. Die amp is die éérste pilaar waarop die Skriftuurlikverbonde Kerkorde gebou word.

As die belydenisskrifte nou nagegaan word, is dit opvallend dat die begrip **amp** baie selde daar gebruik word. Dáár word hoofsaaklik van **diens** en **dienaar** gepraat en wanneer dan méér spesifiek na die verskillende dienste verwys word, is daar sprake van herder (=predikant), leraar (=teologiese professor), ouderling en diaken. Dit is veral die amp van herder wat spesifiek 'n diens, 'n dienswerk genoem word en die predikant is by voorkeur verbi divini minister, dienaar of bedienaar van die Woord.

Hier word die Nuwe Testamentiese ampsbegrip gegee. Die ampsdraer is dienaar en dáárin lê sy volmag, sy waardigheid èn sy gesag. Dienaar van die Woord, dienaar van Jesus Christus, 'n middel waardeur die Hoof en Heer van die kerk dié wat aan Hom behoort versorg, opbou en lei. Daarom is die amp 'n funksionele amp en is daar vir die papale ampsopvatting byvoorbeeld géén ruimte nie want die amp soos in die belydenisskrifte beskryf, is niks méér as 'n opdrag van die Heer nie en in hierdie diens word deur prediking en tuguitoefening regeer en alleen hy kan regeer wat dien en alleen hy wat só dien kan dan ook regeer. Soos die Tweede Switserse geloofsbelydenis dit so mooi stel:[25])

> „. . . sed malvit agere cum hominibus per ministerium hominum. Proinde spectandi sunt ministri, non ut ministri duntaxat per se, sed sicut ministri Dei, ut pote per quos Deus salutem hominum operatur."

Die belydenisskrifte gaan dan vèrder en stel dat nie net die diens-amp van die begin af deur die Heer in sy kerk ingestel is nie, maar dat terselfdertyd sáám met hierdie instelling die ordening van die gemeentelik-kerklike lewe gegee is . . . „volgens die orde wat ons Heer Jesus ingestel het", sê die Franse geloofsbelydenis.[26])

Rondom die amp word veral gedurende die laaste klompie jare baie diskussie gevoer. As die Nuwe Testament èn die sendingsituasie waarin die kerk dan is, in ag geneem word, is dit duidelik

---

24) Ioh. Calvinus, **Comm. Ps.** 105:31.

25) **2 Helv. 18** (Ek vertaal): „God wil . . . met mense handel deur die diens van mense. Daarom moet die dienaar nie net as dienaar uit eie volmag nie maar as dienaar van God beskou word, naamlik so 'n dienaar waardeur God sy heil aan die mense skenk."
Vgl. in hierdie verband A. D. Pont, **Amp en Roeping**, artikel in **Hervormde Teologiese Studies**, Jrg. 32, Pretoria 1977, bl. 168-180.

26) **Confessio Gallicana 29**: „. . . selon la police que nostre Seigneur Jesus Christ a establie: c'est qu'il y ait des Paisteurs, des Surveillans et Diacres (Art. 6:3, 4, 5; Ef. 4; I Tim. 3) . . ."

dat daar 'n baie meer vloeibare situasie heers as vandag by ons. As slegs Ef. 4:11-12 nagelees word, word dit al duidelik dat daar meer ampte, dienste of funksies in die Nuwe Testamentiese gemeente bestaan het as die drietal wat ons vandag ken.

Nou is dit moontlik om ook hier 'n lang ekskurs oor die amp en die ampsteologie na vore te bring, maar dit is vir die doeleindes van hierdie uiteensetting nié noodsaaklik nie. Die vraag is eerder of daar, in die Reformatoriese tyd 'n verband tussen die Skrif en die Kerkorde op hierdie punt gesien is. Daarom word hier, net vir 'n oomblik gewys op die besluite wat Calvyn in hierdie verband op grond van die Skrif geneem het. Sy keuse word dan grotendeels beslissend vir die opvatting wat ons weer in die belydenisskrifte terugvind.

Die diens-amp wat deur Christus ingestel is, word nou deur Calvyn en op sy voetspoor onderskei in drie ampte en die drie ampte is die pastores ac doctores, die ouderling en die diaken.[27]) 'n Mens kan ook, uit die **Institusie** aflei dat daar drie dienste of ampte is en vier funksies van die amp. Andersyds, omdat Calvyn die pastores ac doctores saamvoeg met die seniores en hulle onderskei van die diakens, kan daar ook van 'n tweedeling in die amp gepraat word.[28]) Die onderskeiding in drie ampte kom egter in die meeste belydenisskrifte voor èn, op grond daarvan, ook in die vroeë kerkordes. Die ,sentrale amp", as mens dit so wil noem, is dié van die herder of die minister verbi divini want hy funksioneer saam met die seniores in die regering van die kerk en ook weer saam met die doctores in die onderwysing van die gelowiges. Die diakensamp staan enigermate daar buite, maar ook dié dienswerk word onder leiding van die pastor[29]) gedoen en is in sekere sin 'n voorbereidende dienswerk vir die ouderlingsamp, aldus Calvyn.[30]) Hierdie diens-amp met sy onderskeidings en funksies, is nié hiërargies gestruktureer nie[31]) want dit sou die enige hoofskap van Christus in die gedrang bring en daarom word die regeertaak van die diens-amp in die hande van die vergaderings van die ampte gelê.[32])

Hierdie diens-amp word dan, onder andere, deur die Heidelbergse Kategismus afgelei uit die drievoudige amp van Christus[33]) en vandaar word die diensamp dan met die leer van die algemene

---

27) Ioh. Calvinus, Institutio christianae religionis, IV.iv.I.
28) Vgl. hier **Institutio**, IV.iii.8 en ook **Comm. Jac.** 5:14 en **Comm. I Cor.** 12:18.
29) Ioh. Calvinus, **Institutio** IV.iv.5.
0) Ioh. Calvinus, **Comm. I Tim.** 3:13.
31) Oor die vraag of daar by Calvyn die moontlikheid gegee word van 'n ouderling of biskop wat in gesag en bevoegdheid bo sy kollegas sou staan, is daar al heelwat gepubliseer. J. Pannier, **Calvin et l'épiscopat**, Strasbourg 1927 neem van wel maar J. McNeill, **The History and Character of Calvinism**, New York 1967, p. 217 weerspreek dit.
32) Hier is van kardinale belang die reël wat neergelê word in die **Disciplinè ecclesiastique**, 1559, art. 1 en die bekende „anti-hiërargiese artikel" van die **Emdense Kerkorde** 1571, art. 1 wat ook in die D.K.O. teruggevind word.
) **Heidelbergse Kategismus**, Vraag en Antwoord 31 en 32.

priesterskap van die gelowiges gekorreleer. Tog word die amp nié uit die gemeente afgelei nie maar eerder gesien as 'n gawe van God aan die gemeente[34]) hoewel die gemeente by verkiesing of beroep en bevestiging wel 'n rol speel. Hier is dus nié sprake van 'n demokratiese beginsel nie maar van 'n Christokratiese ordening want as dan na die verdere organisasie van die gemeente-kerk gekyk word met sy vergadering van die ampte word dit duidelik dat dit nié 'n polities-demokratiese orde is nie maar 'n Christelik-geestelike lewensorde van die liggaam van Christus op aarde.

Hierdie ampsleer van Calvyn wat bepalend geword het vir die kerkordes, het Calvyn self sorgvuldig Skriftuurlik verantwoord. Hoewel daar miskien 'n vraagteken gestel kan word agter die opvatting dat die Heidelbergse Kategismus die drie ampte in die kerk in verband bring met die drie ampte van Christus en hoewel vandag eerder uitgegaan word van die gedagte dat die apostelamp die „oer-amp" in die kerk is en ons ampte daarvan afgelei moet word, bly die feit staan dat die kerkordelike reëls wat vir en rondom die ampte opgestel word, as Skriftuurlike reëls gesien en gewaardeer word. Die ampte, soos ons hulle vandag nog in ons Calvinistiese kerke besit, het baie duidelik deur middel van die belydenisskrif in die Kerkorde gekom.

## SKRIF EN ORDE

Met hierdie kort uiteensetting slegs ten opsigte van prediking en amp, word dit duidelik dat die redelik eenvoudige stelling dat die regte verkondiging van die Woord één van die hoofkenmerke van die kerk is, die beginpunt word vir 'n hele uitgebreide beredenering van die amp èn die orde van die kerk. Dit gebeur omdat Calvyn self dié nadruk daarop lê dat die regte verkondiging van die Woord vanselfsprekend gevolg moet word deur die regte hoor van die Woord. Geloof en gehoorsaamheid moet die onmisbare vrugte van die regte verkondiging wees.[35]) Die prediking is die „moeder van die geloof" en die doel daarvan is dat „die gelowiges goeie werke sal doen".[36]) Dit kan egter alléén geskied binne 'n bepaalde lewensorde waar die prediking èn die effek van die prediking naamlik die regte lewensstyl, deur die diens-amp gelei sal word.

Uit hierdie opmerking word dit wéér duidelik dat die kerkordelike reël voorafgegaan (moet) word deur die leerstellige vasstelling van wát die gesistematiseerde inhoud èn omvang van die Heilige Skrif is. Dít stel Bronkhorst ook, as hy sê:[37])

---

34) Die uitgangspunt bly hier Ef. 4:11 vg.
36) Ioh. Calvinus, **Comm.** Tit. 2:1.
37) Vgl. hier A. D. Pont, **Aantekeninge rondom die Ampsopdrag van die Diaken,** artikel in **Hervormde Teologiese Studies,** Pretoria s.j., Jrg. 27, bl. 8 vg. Hier wys ek op die paar gegewens wat in die 16e en 17e eeuse kerkordes en kerkordelike diskussie na vore kom rondom die vraag na die vrou en die diakensamp.

„. . . maar het is ons gebleken, dat deze NTische gegevens beheerscht worden door de geheel aparte positie, die het apostolaat in de verhoudingen der eerste eeuw inneemt. Om verder te komen zullen wij dus moeten trachten te bepalen welke instantie de met het wegvallen der apostelen opengekomen plaats mag innemen. Tevens moet daarbij worden gerekend met de NTische zendingssituatie."

Maar terselfdertyd bly óók waar wat Calvyn met soveel nadruk stel dat die Kerkorde nié net saamhang met die dogmaties-leerstellige vasstelling van die Skrifwaarheid nie, maar dat die Kerkorde **die hele Skrif** in ag moet neem en moet ooreenkom met die reël van I Kor. 14:40: „Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan."

Aan hierdie stellings gemeet, word byvoorbeeld die vraagstuk van die vrou en die amp, besonder interessant. Dit is duidelik dat die kerklike belydenisskrif oor dié saak geen uitspraak gee nie omdat dit nie werklik as 'n moontlikheid in die sestiende eeu gesien is nie.[37]) In ons tyd word die moontlikheid om die vrou in die amp, veral in die diakensamp te stel, veral vasgeknoop aan die figuur van Fébé, Rom. 16:1-2, en aan die gegewens in I Tim. 5 en 3:11. As daarteenoor die Bybelse siening van die vrou en haar plek in die gemeente en samelewing na vore gebring word, word dit duidelik dat dit tog nie so eenvoudig is om die vrou langs die man in die amp te stel nie.[38])

Aan die ander kant, om maar wéér 'n voorbeeld te neem, is die Calvinistiese kerkordelike gebruik dat n' ouderling en diaken net deeltyds tot die amp geroep word en dan verder net vir 'n tydperk van twee jaar of hoogstens twee termyne van twee jaar, volledig sonder enige Bybelse gronde. Tog is dit in die samehang van die amp, die kerklike orde as 'n geheel en die duidelike anti-hiërargiese bou van die diens-amp en kerkregering 'n volkome logiese en selfs 'n voortreflike reëling. Die behoud van hierdie reëling is, juis in die lig van Calvyn se siening van die Kerkorde, van baie groter waarde as die vervanging daarvan deur die lewenslang-dienende ouderling. Laasgenoemde moontlikheid sal juis die anti-hiërargiese tendens van die Kerkorde wat die Christokrasie in en van die Calvinistiese kerk beklemtoon, deurkruis. Juis omdat die vadere vanuit die geheel van die Skrif, soos dit ook saamgevat word in die belydenisskrif, die kerklike orde opgestel het, is dit nié so maklik om maar verstellings aan die kerklike orde te maak net omdat op 'n bepaalde punt die nuwere eksegese ons tot ander insigte sou kan bring nie. So het die vadere byvoorbeeld, op grond van die woord in Luk. 9:62 en ook Joh. 10:12 geoordeel dat die predikant lewenslank tot die amp

---

[38]) Vgl. E. Engelbrecht, **Diakonein**, artikel in **Hervormde Teologiese Studies**, Pretoria s.j., Jrg. 27, bl. 76 vg.

geroep is.[39]) Vandag is daardie Skrifverwysings vir ons waarskynlik nie baie oortuigend nie maar as dit gesien word in die lig van Calvyn se opvatting van dié amp dan word die saak minder enkelvoudig. 'n Samevatting van Calvyn se siening lui so:[40])

> „Quite simply, that essential structure consists in the divine appointment of pastors, or ministers, in whose hands the government of the church is placed. By their agency the church is held together: they are 'the principal sinew by which the faithful cohere in one body', and without them — indeed, without good pastors, — the church soon falls into ruin. And since the church is the history of the restoration of the original order of creation, we may ascribe to ministers the salvation of the world . . .
>
> Because he does the work of God himself, the minister may be regarded as 'a father to the church', for 'the church of God is not only begotten by means of holy and pious pastors, but . . . its life is also cherished, nourished and confirmed by them to the end'."[41])

Geen wonder dat die vadere geoordeel het dat die predikant wat sy diensamp verlaat 'n droster en verraaier is wat noodwendig onder sensuur geplaas moet word nie.

Dit is dus wèl waar dat die Kerkorde 'n mengsel is van goddelike reg en menslike reg, soos Karl Barth betoog,[42]) maar dit beteken nié dat die menslike reg uit die Kerkorde gelig kan word en nou as veranderlik en sonder meer veranderbaar beskou kan word nie. Ook daardie menslike deel van die kerklike orde en reg is nie willekeurig reg nie, maar die resultaat van 'n sorgvuldige luister na die geheel van die Skrif. Eers nádat na die Skrif geluister is èn om die leiding van die Heilige Gees gevra is, het die vergaderings van die ampte die Kerkorde opgestel. Dáárom kan die Convent van Wesel van 1568 die voortdurende gewoonte van die kerk óók as 'n bron vir en van die kerklike orde en reg aandui.[43])

## SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Dit alles wil nog lank nie sê dat die Kerkorde, die belydenis en die Heilige Skrif op dieselfde vlak staan of kan staan nie. Uit die aard van die saak is en bly die Skrif alléén die primêre èn die bron van alle kerklike reg en orde. Die belydenis is suiwer kerklik-menslike spreke, die sistematiese samevatting van die geloof van die

---

39) J. L. Ainslie, **The Doctrines of Ministerial Order in the Reformed Churches of the 16th and 17th Century**, Edinburgh 1940, p. 196.
40) B. C. Milner, **Calvin's Doctrine of the Church**, Leiden 1970, p. 134-135.
41) J. L. Ainslie, **l.c.**, p. 196-197.
42) Karl Barth, **Kirchliche Dogmatik**, Zürich 1955, Bd. IV/2, S.765-824.
43) F. L. Rutgers, **Acta van de Nederlandsche Synoden der Zestiende Eeuw**, Den Haag, 1889, bl. 12, dit wil sê **Acta Wezel**. Cap. I, 11.

mens wat deur die Woord en Gees van God gewek is.[44]) Dáardie geloof, daardie verstaan van die geheel van die Skrif bepaal egter ook die kerkordenende, kerkregtelike uitsprake van die kerk. Daarom vloei uit elke nota ecclesiae, soos genoem in die belydenisskrif, vanselfsprekend 'n hele reeks kerkordenende besluite voort. Want die geloof skep juis self orde, die orde van die Hoof en die liggaam. So gesien is en word die belydenis die bron, die wortel, die norm van die kerklike orde, maar dan tog in betreklike sin want agter die belydenis staan die Woord van God as finale bron, wortel en norm van die Kerkorde.

Hierdie organisatoriese samehang van Skrif, belydenis en Kerkorde is van fondamentele waarde vir die kerk en as dit verstar word, soos byvoorbeeld in Nederland waar die owerheid in 1816 sy eie Kerkorde op die kerk afgedwing het sonder in agneming van òf die belydenis, dan is die kerk en alles wat die kerk is en wil wees die lydende party. Juis in die geskiedenis van die Nederlandse Hervormde Kerk en sy innerlike worstelstryd vanaf 1816 met ál die ellende wat daaruit voortgevloei het, word duidelik dat die kerklike reg en orde sui generis is en dat dit nie straffeloos vervang kan word met die denke of opvattings wat nié beheers word deur die waarheid van die Skrif as 'n geheel en die geloof wat uit die belydenisskrifte spreek nie. Dit blyk dan ook verder ten oorvloede dat baie van die „geleentheidswetgewing", wat veels te dikwels in ons kerke voorkom, op die lang duur meer skade as goed doen, en hoewel dit op die kort termyn wel allerlei voordele mag bring, is en was dit nog nooit tot die werklike opbouing van die liggaam van Christus nie.

Uitgaande uit die verhouding dat Christus die enige Hoof en Heer van sy liggaam op aarde is, stel die belydenis die drie bekende notae ecclesiae vas. Daaruit volg die kerkordenende werk van die vadere wat die kerkordes bou rondom die drie gegewenhede van die amp, die gosdiensoefening en die dissipline. Die dissipline omvat die lewe van die gemeente in die ritme van godsdiensoefening tot godsdiensoefening. Dit beteken dat die godsdiensoefening, waar die Woord reg verkondig word en die sakramente na hulle instelling bedien word, slegs die oefening is vir die diens van God wat uitgeleef moet word in die huwelik en familie, in die lewe van die volks- en staatsgemeenskap. Die Kerkorde wil dus, vanuit die Skrif soos verstaan deur die belydenisskrif, die lewe van die liggaam van Christus in 'n verantwoorde orde plaas. Dáarom gaan dit in die kerklike orde óók om die lewe van die lede van die liggaam van Christus, die lewe van die lidmaat in die wêreld, in sy huis èn in die openbaar.

---

44) C. J. Mans, **Die Verhouding van Belydenis en Kerkorde**, artikel in **Hervormde Teologiese Studies**, Pretoria s.j., Jrg. 28, bl. 134.

Die vraag kan 'n oomblik gestel word of dit beteken dat die „klassieke" kerkordes soos in Nederland geformuleer gedurende die 16e en 17e eeu, onveranderd gehandhaaf moet word. Daar is destyds, vanuit die Reformatoriese verstaan van die Skrif, nie alleen die Nederlandse Geloofsbelydenis geformuleer nie maar ook, op grond van die belydenis èn die Skrif, die kerkordes toegepas kon word èn uitgeleef is, aanleiding gegee tot 'n hegte kerklike struktuur wat in staat was om in Nederland 'n diepgaande en selfs blywende invloed uit te oefen.[45]) Daardie invloede het ook in ons vaderland 'n vormende invloed op ons Afrikaanse kerklike en openbare lewe uitgeoefen. Dit hoef egter nié te beteken dat die Dordtse formulerings van die sentrale kerkordelike beginsels net so gehandhaaf moet word nie want die Kerkorde, hoewel Skriftuurlik van aard, is nog lank nie 'n belydenisskrif nie. Nuwe, eie vormgewing van die kerklike orde, met inagneming van die verbande wat reeds genoem is, moet in 'n Reformatoriese kerk in beginsel altyd moontlik wees èn bly. Daarby kan in ag geneem word dat ons hedendaagse verstaan van die hele Skrif en sy boodskap, binne die raamwerk van die belydenisskrifte wat onverkort gehandhaaf word, tog wat aksente en klemtone betref, sal verskil van byvoorbeeld die klassieke **Synopsis Purioris Theologiae** van 1624. As dit so is, dan kan en sal daar, binne die raamwerk van die kerklike orde, óók verskille met die klassieke ordes na vore kan kom.

Dit alles toon dat dit wèl moontlik is, selfs dwingend is, om 'n duidelike verband tussen die Heilige Skrif via die belydenisskrif na die Kerkorde te konstateer. Dit sal beteken dat in die Kerkorde die regering van Christus, die Hoof en Heer van sy liggaam, die kerk, volledig verdiskonteer moet word en dat 'n orde wat sy regering deur sy Woord en Gees formuleer nie anders as Skriftuurlik, in die breë sin van die woord, genoem kan word nie. Daarom kan ons ten slotte met Bronkhorst saamstem:[46]

> „. . . dat we niet zullen moeten ophouden, maar onvermoeid voort zullen moeten gaan met te spreken over een schriftuurlijke organisatie. Voor mij is dat . . . de presbyteriaal-synodale organisatie. Omdat daarin naar mijn meening nog altijd het beste tot uitdrukking komt, dat Jezus Christus en Hij alleen de Kerk regeert, in den onvoltooid tegenwoordigen tijd, in den vollen, eingenlijken en directen zin, door Zijn Geest en Woord."

---

[45]) K. Doornbos, **De Synode van Dordrecht 1618-1619 getoets aan het Recht der Kerk**, Amsterdam 1967, betoog dat die sentrale beginsels van die Nederlandse Kerkordes nie altyd uitgeleef is nie omdat steeds aan die owerheid 'n groot seggenskap in kerklike sake gegee is.

[46]) A. J. Bronkhorst, a.w., bl. 277.